



Inklusiewe oëverblindery

Daar is een term in die NHKA-leiding se woordeskat wat van konteks gespring het en so sy eintlike betekenis vir hulle ontmasker het. Dit is die begrip “inklusiwiteit”. In die tyd toe behoudende predikante en lidmate die meerderheid van besluitnemende vergaderings uitgemaak het, was die wekroep telkens “inklusiwiteit”.

Daar is baie gemaak van eenheid in verskeidenheid(of is dit eenheid en verskeidenheid?). Agter hierdie rookskerm kon liberale teologie bedryf word en kon jong studente geïndoktrineer word om die liberale Bultmann-teologie aan te hang. Geduldig is daar gepaai en gepleit by vergaderings. Daar is niks so geduldig soos ‘n liberalis in die minderheid nie.

Die trojaanse perd se naam is “inklusiwiteit” en met groot gepaai is die perd bevolk met liberale teoloë. Met verloop van tyd het die liberale groep gegroei en eindelijk die meerderheid geword.

Met ‘n selfontblotende kieri stamp wat steeds in baie gemoedere eggo, het die deuntjie verander na “wat van hulle moet ons akkommodeer?” Skielik word die wat pleit vir inklusiwiteit en akkommodasie die wat dit nie duld nie. Sien, soos prof E van Eck dit reeds aan die begin van 2011 gestel het, die skoen is nou aan die ander voet. Daar is niks so onverdraagsaam soos ‘n liberalis in die meerderheid nie.

Die Skietlood wil nie nou redeneer oor die optrede van behoudendes nie. Die

fokus is nie nou of die behoudende kerkleiding die “skoen” gebruik het of nie.

Die liberale groep het die behoudende leiding as ‘n skoen ervaar, en nou is hulle, in hulle eie woorde, in beheer. Nou het hulle daardie magiese skoen aan die voet, om in Christus se voetspore te volg. Dit sou interessant wees om te vra watter Jesus hier nagevolg word of in wie se voetspore eintlik gevolg word.

Skielik word inklusiwiteit anders gebruik. Dit is nie meer die woord wat gebruik word om behoudendes te oortuig om vir liberales ruimte te skep nie, dit word nou die kernwaarde van hulle evangelie. Jesus was volgens hulle die mees inklusiewe mens op aarde.

Inklusiwiteit word Jesus se opdrag aan ons. Dit beteken eindelijk dat daar integrasie moet wees en dat alle volksidentiteit verlore moet gaan.

Inklusiwiteit in die nuwe konteks beteken dat alle verhoudings en huwelike verwelkom en beskerm moet word. Enige minderheid wat in ‘n vorige bedeling ‘n randsbestaan moes voer, moet ingesluit en beskerm word.

Hierdie inklusiwiteit sluit ook ander godsdienste in. Deur die opstanding van sy historiese karakter te ontgaan, is Jesus nie meer Seun van God nie, is die Christelike geloof nie meer uniek nie. Inklusiwiteit beteken nie nou dat behoudendes geakkommodeer moet word nie. Hierin lê die groot paradoks en leuen van die liberale ideaal van inklusiwiteit:

Inklusiwiteit moet eksklusiwiteit as bedreiging ervaar en daarom vernietig. Hierdie konflik word binne die politieke en sosiale filosofie verwoord deur die gedagte van verdraagsaamheid. Karl **Popper** (Oostenrykse en later Britse wetenskap **filosoof** wat ook oor die politiek en sosiologie geskryf het) het die paradoks so verwoord: (Skietlood se vrye vertaling in kursief hier gegee)

Onbepaalde verdraagsaamheid moet uitloop op die verdwyning van verdraagsaamheid. Indien ons verdraagsaam is met selfs die wat onverdraagsaam is, indien ons nie bereid is om verdraagsaamheid te beskerm teen die aanslae van die onverdraagsame nie, dan gaan verdraagsaamheid en diegene wat verdraagsaam is, omkom. Hiermee bedoel ek nie dat ons die onverdraagsames se uitlatings moet onderdruk nie want dit sal dwaas wees, maar ons moet hulle met rasionele argumente en deur openbare opinie inperk. Ons moet egter ook die reg opeis om hulle geweldig te onderdruk indien nodig. Dit kan wees dat hulle rasionele argumente verwerp en hulle volgelinge ook oortuig om nie die rasionele te aanvaar nie. Ons moet daarom, in die naam van verdraagsaamheid die reg opeis om nie die onverdraagsames te verdra nie. Ons moet stel dat enige onverdraagsame argument onwettig is en stel dat aanmoediging tot onverdraagsaamheid krimineel is.

Popper wys die paradoks netjies uit. Dit is dieselfde paradoks waarbinne die voorstanders van inklusiwiteit hulle bevind. Inklusiwiteit kan per defenisie alles verdra buiten eksklusiwiteit. Dit maak dus van "inklusief" 'n leuen, en diegene wat dit voorstaan, moet dit weet. Dit is geen wonder dat behoudendes nou die skoen moet voel nie.

Die wisselwerking tussen inklusief en eksklusief vind 'n nuwe dimensie wanneer die Evangelie op die spel kom. God se genade is vir almal. Johannes

3:16 verkondig aan ons ; "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."

Hierdie inklusiewe genade het reeds in die uitnodiging die eksklusiewe aanspraak. Jesus is gestuur vir almal, maar net die wat glo, sal gered word. Jesus stel dit nog skerper in Johannes 6 wanneer Hy sê dat niemand na die Vader gaan, behalwe deur Hom nie.

Die Evangelie is eksklusief. Punt. Eksklusief beteken hier dat 'n sekere groep mense duidelik uitgesluit word; naamlik die ongelowiges. Ons word geroep om te verkondig en uit te nooi. Ons kies nie wie gaan in God se heerlijkheid in en wie nie. Feit is sekere mense gaan nie gered word nie.

Nou kan ons maar redeneer soos liberaliste wat stel dat hulle nie in die hemel wil wees terwyl ander dan die hel moet ervaar nie. Hulle gaan kwansuis dit sien as 'n skreiende skande dat dood goeie mense nie die paal gehaal het nie. Biskop Tutu het in 2013 gestel dat hy liever hel toe sal gaan as om na 'n hemel te gaan wat homoseksualiteit as sonde bestempel. In sy eie woorde: "*I would not worship a God who is homophobic*". Vermoedelik gaan hy en hulle die saak met die Here opneem....

Of ons kan gehoorsaam aanhou om die eksklusiewe Evangelie te verkondig.

Dit bring ons terug by die inklusiewe liberaliste. Waar staan hulle ten opsigte van die Evangelie en die eksklusiewe aanspraak daarin verwoord? Een loertjie na die WRK en die WCRC se werksaamhede toon duidelik hulle einddoel: Dat alle godsdienste saam moet werk (ons is mos paaie teen

dieselfde berg op volgens hulle en hulle Jesus kies kant vir die onderdrukte en randfigure, hy is vir ons tot goeie morele voorbeeld en die grootste voorstander van inklusiwiteit).

Dit impliseer groter klem op die inklusiewe beeld wat hulle van Jesus voorhou as die een wat randfigure help en telkens opstaan vir die onderdrukte.

Hulle Jesus as vryheidsvegter het min te make met die inklusiewe Jesus Christus wat ons in die Bybel ontmoet wat die mens van die sondelas red en daarom eksklusiewe aanspraak maak op die mens. Hoe kan die inklusiewe liberalis die eksklusiewe behoudende dan verduur en verdra?

Kom ons sny dieper. Wat gemaak met die behoudende wat glo dat daar werklik 'n maagd was wat swanger was? Wat gemaak met die behoudende wat glo daar was 'n historiese aanduibare fisiese opstanding as deel van die groter werklikheid van God se genade? Wat gemaak met die behoudende wat die huwelik as die verbintenis tussen een man en een vrou sien en daarby staan? Hierdie sake laat nie ruimte vir alternatiewe nie. Maria was maagd of nie. Net so met die ander uitsprake. Hulle staan teenoor die inklusiewe wat twee uiteenlopendes in een kraal inlieg. Per definisie kan die twee nie in ooreenstemming saam bestaan nie. Nou moet ons wonder, is inklusiwiteit maar net 'n verruimde eksklusiwiteit wat net eksklusiwiteit self uitsluit?

Dit sou beteken dat inklusiwiteit geen standaard het nie en gevolglik ook geen standaard sal verdra nie - en sien en ervaar ons nie nou presies dit in die praktyk nie?